Vrydag 1 Februarie is om die draai!

Ons het nou ooreengekom om die ou landbousaal net buite Vaalwater te gebruik. Dit het genoeg ruimte om 200 ondersteuners te kan ontvang en is geleë op die hoek waar die nuwe Ellisraspad na regs uitdraai.

Die gebou het 'n mooi tradisie en was ‘n belangrike gemeenskapsentrum. Dit is jammer dat dit in later jare nie meer altyd met die nodige respek en voluit benut was nie. Die Waterberg Academy benut en bestuur die gebou sedert onlangs.

Die GPS-koördinate is die volgende: S 24 17 06 50 en E 28 06 06 60.

Om elkeen, veral diegene wat van ver af kom, die geleentheid te gee om betyds daar te kom, sal verrigtinge **stiptelik om 10 vm. begin**. Padwerke is grootliks voltooi, maar u moet asseblief een uur se rytyd vanaf Modimolle toelaat met nog tyd vir ‘n koppie boeretroos vooraf.

Ons het reeds ooreengekom met dr. Rupert Baber, wat tans voorsitter van die Waterberg Biosfeer Reserwe is, om die teenwoordiges in die Waterberg welkom te heet.

Die dag moet ‘n geleentheid wees waarop die Waterberg en elkeen wat daarmee wil assosieer, werklik trots kan wees.

Die volgende belangrike sake sal op 1 Februarie gehanteer word:

1. Aanbied van ‘n kort opsomming van ons bewaringsdoelwitte en uitdagings.
2. Bekendstelling van die verskillende organisasies wat by bewaringswerk in die Waterberg betrokke is.
3. Oorhandiging van oorkondes ter erkenning aan drie bewaringspioniers wat voortreflike voorbeelde was van bewaringswerk sonder die oogmerk van persoonlike gewin. Twee toekennings sal postuum geskied en deur hulle naasbestaandes in ontvangs geneem word. Hulle is Andries Pearson ten aansien van sy werk om reeds in 1955 die Pearson’s Nature Reserve te gestig het deur op eie koste ‘n veilige habitat te verseker vir die baie bedreigde bastergemsbok, asook Charles Baber wat landswyd oor dekades ‘n baie sterk stem vir bewaring laat hoor het. Clive en Conita Walker, wat as gesin oor dekades groot werk ten aansien van die bewaring van renosters gedoen het asook die stigting van die Lapalala Wilderness School en Clive as medestigter van die Endangered Wildlife Trust, sal ook vereer word.

4. Ons nooi verder ook soveel moontlik saakmakende hoogwaardigheidsbekleërs uit wat ons saak kan bevorder.

5. Gesien die probleem wat ons gehad het toe die hele Marakele, ongeveer 60 000 hektaar, tussen 24 September en 28 September 2012 afgebrand het, het ons dr. David Mabunda uitgenooi om ons toe te spreek oor die bewaringsfilosofie van Sanparke ten opsigte van die parke onder sy beheer. Dr. Mabunda het egter laat weet dat sy program hom min beweegruimte bied en hy is nie seker of hyself sal kan kom nie. Hy het egter aanbeveel dat Sanparke se bestuurshoof, mnr. Paul Daphne, in sy plek optree. Mnr. Daphne het ook gedink dit sal goed wees dat mnr. Johan Taljaard, wat as nuwe algemene bestuurder van Marekele aangestel is en op 1 Februarie diens aanvaar, hom na ons vergadering vergesel.

6. Alle organisasies wat aktief by bewaring betrokke is, binne en buite die Waterberg, sal ook genooi word en sommige van hulle mag teenwoordig wees.

7. Die twee ministers wat ons graag teenwoordig sou wou hê, is dr. Pieter Mulder en mnr. Marthinus van Schalkwyk. Die Kabinet hou egter ‘n bosberaad daardie naweek en ons poog nou om saakmakende LUR’e van Limpopo teenwoordig te kry.

8. Ons gaan ook aan mnr. Bruce Lindsay, waarnemende hoof van Waterberg Academy, ‘n geleentheid gee om ons te vertel van die Akademie se betrokkenheid by natuurbewaring en hulle internasionale statustoekenning as ekoskool.

9. Hoërskool Warmbad by monde van die hoof, mnr. Spikkels de Wet, ondersteun ook ons saak heelhartig en sal die geleentheid kom opluister met twee of meer gepaste voordragte deur ‘n koor.

10. Ons gee ook persone wat oor die Waterberg skryf, of nasate en ondersteuners van skrywers oor die Waterberg, vooraf en tussendeur geleentheid om boeke ten toon te stel en vrae van belangstellendes te beantwoord.

11. Die aanwys of verkiesing van ‘n senaat van die Bewaringsforum wat voortaan die verantwoordelikheid sal neem om die visie van die Waterberg as ‘n bewaringsgebied uit te dra. Hulle sal as vaandeldraers maatreëls om dit te verwesenlik in die verskillende kleiner gebiede en sektore bestuursmatig in werking stel.

12. Aangesien ons beoog om **stiptelik 10 vm. te begin** en ongeveer 1 nm. af te sluit, sal ons tussenin vir ‘n kort pouse halfpad deur die verrigtinge verdaag. Verversings sal deur ons eie Waterberg-dames aangebied word.

Toegang is gratis en ons wil graag die maksimum getal ondersteuners van bewaring nooi om die geleentheid saam met ons te kom geniet.

Hierdie geleentheid is vir elkeen wat wawyd wakker sien waarheen die wêreld gaan om ‘n tasbare bydrae te maak.

Min van ons kan enigiets doen aan die yslaag van die Noordpool wat wegsmelt of reënwoude wat vernietig word, maar elkeen het nou die geleentheid om saam te werk vir die bewaring van die Waterberg waar ‘n kritieke massa van bewaringsgesinde belanghebbers reeds bereik is.

Ons sien u graag almal op Vaalwater op 1 Februarie stiptelik om 10 vm.